Towerlantern Fotografie

fotografienuus

desember 2024

Idilliese toneel, êrens, Vrystaat
Sluiterspœd: 1/160, 1/250, 1/400 sekonde; lensopening: f4; fokale lengte: 70

Towerlantern besef dit is nie vir almal moontlik om gereeld vakansies te onderneem nie. Tog wil ons vir jou die wenk gee – veral as jy daarvoor lief is om die wêreld te sien en te fotografeer – om gereeld geleenthede te sœk waar fotografie vir jou die nommer een saak gaan wees. Towerlantern se maandtema hierdie maand is juis vakansiefotografie en ons wil jou help om met gœie foto's terug by die huis aan te kom.

Dit is reeds meer as 'n jaar gelede dat ons die reeks "Reis saam met Towerlantern na ..." begin aanbied het. Hierdie maand bly ons in Suid-Afrika en gaan op reis na plaaslike *ziplines* – en jy gaan die ervaring van jou lewe hê. As jy op reis wil gaan, raadpleeg hierdie reisreeks, of stuur 'n nota aan ons om iets te sê oor jou gunsteling bestemming. En as dit selfs Mars is, ons sal ons bes probeer met die reis – en jou langs die kortste pad daarheen, 'n *Hohmann*-baan, begelei.

Geniet die artikels. Ons wag kommentaar daarop in. Enige leser is welkom om 'n fotografie-verwante artikel te stuur en aan ons voor te lê vir plasing. Geniet elke artikel in hierdie uitgawe, beslis ook Mia Pitout se galery-foto's aan die einde van hierdie uitgawe.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Let op na die woorde “idilliese” en “êrens” in die titel van die voorbladfoto. Wat wil die fotograaf daarmee sê? Die antwoord is om te benadruk dat die toneel nie die werklikheid is nie – dit is wel op die werklikheid gebaseer.

Die vraag hier is dus: Mœt ’n foto die werklikheid uitbeeld? Om dié vraag te beantwoord, gee jou antwoord op ’n tweede vraag: Mœt ’n skilder die werklikheid met ’n skildery presies uitbeeld? Natuurlik nie! Dus: ’n fotograaf hœf ook nie! ’n Fotograaf kan ook vœl om ’n onwerklike toneel te skep. Dit is presies wat met die voorbladfoto gedœn is. Dit is dus nou los van die werklikheid, daarom “idillies” en “êrens”.

Die vakansiewenk hier is dus: Gaan op vakansie en neem nie-werklike foto’s af. Hœ? Mag jy vra? Die antwoord is: Leer ken jou kamera. Ons sal help.

Die foto-besonderhede vir hierdie foto spreek vanself. Let wel op dat die drie sluiterspœde verklap dat daar van *Photomatix* gebruik gemaak is om drie foto’s tot een te verwerk. Sien die kassie hierby vir meer inligting oor *Photomatix*.

Laai ’n eenvoudige, gratis eksemplaar van *Photomatix* af. Speel daarmee rond en besluit of jy daarvan hou om daarmee te werk. Begin by die volgende adresse:

- https://www.hdrsoft.com/download.html
- https://www.youtube.com/watch?v=L2EHP5HM_yM



Het jy geweet dat Towerlantern Fotografie se naam geïnspireer is deur die besondere rol wat lig in fotografie speel? Simbolies beklemtoon dit die lig van 'n lantern. Maar daar word ook verder klem gelê daarop dat 'n foto betowering by die kyker mœt wek.

Kyk om jou rond, en waardeer die lig wat oral om jou kunswerke skep – soos byvoorbeeld ook by die voorbladfoto.

Vakansiefotografie

tema & wenke

Elke fotograaf (met kamera of selfoon) sal besef dat die tema "Vakansiefotografie" baie wyd is. Dink maar aan onderwerpe soos mense, wilde diere, mak diere, kosse, reise, insekte, vermaak. Daar is nie 'n einde nie, en ons sal ons dus hier mœt beperk. Dink só daaraan: Jy het 'n plaas met 'n groot verskeidenheid diere – van skape tot leeus! Vir orde en vreedsaamheid sal jy beslis verskillende kampe mœt laat inrig om die diere apart te hou. Jy sal waarskynlik ook mœt afskaal, en 'n kleiner verskeidenheid diere mœt aanhou.

Dus: Ons gaan vir ons dœl 'n kamp bou, genœm "Vakansiefotografie", en net sekere wesens gaan tœgelaat word, naamlik "natuurfotografie", "dierfotografie" en "reisfotografie". Net hierdie drie – en dit is reeds baie wyd. Besef ook dat een die ander kan "insluk", met "reisfotografie" die groot vraat.

As jy jou regmaak vir vakansiefotografie is dit natuurlik nodig dat jou kamera in 'n gœie tœstand mœt wees, en dat jy dit ook gœd ken en kan hanteer. Verder help dit ook as jy vooraf nalees oor die omgewing waarheen jy gaan en dat jy weet wat die son- en weersomstandighede gaan wees.

Om vakansiefoto's van "werklik" na "idillies" of "elders" tœ te verander, kan jy gebruik maak van 'n paar verskillende kamerategnieke, waaronder die volgende:

- Gebruik 'n groot lensopening, byvoorbeeld f4, fokus op 'n enkele naby-onderdeel van die foto, en let op dat 'n groot deel "idillies" is.
- Stel die fokussering van jou kamera gœd in op 'n bepaalde foto-onderwerp, byvoorbeeld 'n roos, en ontfokus die beeld dan baie effens, vir 'n ander werklikheid.
- Gebruik 'n stadige sluiterspœd, byvoorbeeld 0,8 tot 1,5 sekonde en sorg dat die beligting steeds reg is. Beweeg die kamera effens gedurende hierdie 0,8-1,5 sekonde periode vir 'n groot verrassing. (Dit mag nodig wees om heelwat te eksperimenteer.)
- Laai die *Photomatix*-app af waarna vrœër verwys is en volg die prosedure. Ons verduidelik dit meer presies in die volgende artikel.

Speel rond met allerlei tegnieke en skep nuwe tonele en plekke. Dit kos œfening, maar jy sal beloon word met foto's wat jy nooit gedink het, bestaan nie. Die fotograaf van ons mini-galery aan die einde van hierdie uitgawe, Mia Pitout, verwoord dit soos volg: "Die bevredigendste aspek [van my fotografie] was wanneer die eindproduk anders of beter gelyk het, as wat ek verwag het. Ek kyk nou anders na alledaagse items, natuurtonele, mense, diere, lig, skadu, tekstuur en kleur."

Vakansiefotografie

tema & wenke

Photomatix is nie dieselfde as *Photoshop* of ander foto-verwerkings-programme nie. Dit is met 'n bepaalde doel voor oë ontwikkel, naamlik om uit meer as een foto, by-voorbeeld drie, van dieselfde toneel, een nuwe foto te skep.

Die programmatuur is veral daarop gerig om wanneer 'n toneel ligter en donkerder gedeeltes het wat in groot kon-tras tot mekaar is, goeie foto's te kry. Dit kan egter ook ge-bruik word om uit meer as een foto van 'n toneel 'n ander werklikheid te skep, byvoorbeeld soos die voorblad. Om presies te wees, die voorbladfoto is opgebou uit die drie foto's wat hierby gewys word. Die saamgestelde foto kan dan nog heelwat gevarieer word.

Let op dat die drie foto's toneelgewys presies dieselfde lyk – dit is ook aldrie direk na mekaar per driepoot geneem. Die enigste verskil is die sluiterspoed, soos reeds aangedui.

RIGLYNE VIR VAKANSIEFOTOGRAFIE

VOORAF

Jy is op vakansie, jy gaan miskien iewers tuis by 'n gastehuis, en daar is mak huisdiere. Dalk sit jy, onwetend, op die huiskat se stœl. Neem dan katfoto's eerder as om geïrriteerd te raak. Ons gee die aanwysings, hopende dat jy jou kamera by jou het. Gebruik andersins jou selfoon. Sien die voorbeeldfoto hierby.

TIPE LENS

Enige lens wat beskikbaar is, maar nie te wyd of smal nie.

FORMAAT

Eksperimenteer met landskap- en portretformaat.

ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, bv. 100.



WITBALANS

Wees bewus van natuurlike of kunsmatige beligting.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Soos 'n mens, mœt jy by diere ook altyd op die oë fokus – en sorg dat dié wel oop is!

LENSOPENING

Kies 'n groot lensopening vir 'n vlak velddiepte.

SLUITERSPOED

Gebruik die kamera se liniaal om die sluiterspœd korrek in te stel.

FYN FOKUSSERING

Maak seker van gœie en presiese fokussering – weereens, op die oë.

Neem genœg foto's vir 'n gœie beste keuse agterna.

Towerlantern Fotografie
- desember 2024 -

My DORP

BETHULIE

– Johan de Klerk

Ons het verlede maand met 'n nuwe rubriek, "My dorp", begin, waarin ons lesers die geleentheid gee om foto's van hul dorp met die res van ons lesers te deel.

Laat die volgende afsprake jou lei, en kyk ook na die voorbeelde hierby:

- Met "dorp" word enige blyplek bedoel, van 'n plaas tot 'n stad.
- Die dorp kan jou huidige plek wees, of enige vroeëre blyplek.
- Stuur tot vyf foto's, soos altyd verklein tot ongeveer 500 KB.
- Laat die foto's meer vertel van jou dorp.
- Die foto's kan per selfoon of gewone kamera geneem wees.

Ek en my drie susters, Anna-Marie, Sanette en Tersia, was bevoorreg om alvier in Bethulie groot te word en ons volledige skoolloopbaan daar te voltooi. Bethulie is die mees suidelike dorp in die Vrystaat en is binne enkele kilometers van die Gariepdam geleë.

Hennie Steyn-brug, Bethulie
Met erkenning: Gerrit de Klerk

In ons kinderjare was dit nog net Oranjerivier, en voor ons oë het die Gariepdam ontwikkel. Bethulie kry sy naam vanuit die apokriewe Bybelboek Judit (met verwysing daarna in hoofstukke 6, 7 en 8). Die verhaal van die vrou Judit is aangrypend om te lees. Die Italiaanse komponis Antonio Vivaldi was so beïndruk daarmee dat hy dat hy selfs 'n oratorium, *Juditha triumphans*, geskryf het met hierdie verhaal as uitgangspunt. Luister na die opruiende aanvangsgedeelte hiervan (slegs eerste 2 tot 3 minute) by:
https://www.youtube.com/watch?v=dd_2D9Rg_Tk&t=32s

Weens die Gariepdam moes 'n pad- en treinbrug oor die Oranjerivier by Bethulie vernietig word en is daar 'n pad/treinbrug oor die boloop van die Gariepdam gebou en 'n aparte brug oor 'n kloof by Bethulie. Eersgenoemde brug word hierby gewys. Beide brûe, saam met die natuurlike omgewing van Bethulie, en ook die wildplaas Tussen-die-riviere, is die moeite werd om vir foto's te besoek.

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

...na zirtslyne in Suid-Afrika

Dit lyk asof die Afrikaans vir die Engels *zipline* nog nie finaal gestandaardiseerd is nie. Sœk jy in woordebœke en op internet kry jy 'n verskeidenheid moontlikhede, waaronder fœfieslaaid wat vir my nie heeltemal van pas is nie. Die woord zirts kom in die WAT voor en die term zirtslyn het my nogal geval. Dis kort en selfverduidelikend.

Towerlantern Fotografie

- desember 2024 -

GAAN OP REIS
saam met Towerlantern

Waarskynlik sal alle lesers dadelik weet wat met 'n sweefspoor (of kabelkar) bedœl word. Maar nie almal sal weet wat met 'n zirtslyn (Engels: *zipline*) bedœl word nie. Die maklikste en gouste wat jy wel sal weet, is om eers na die volgende video te kyk – dit gee jou dan ook 'n idee waarheen en waarnatœ ons hierdie maand in Suid-Afrika op pad is:
http://surl.li/qiigvp

Mœnie dat hierdie video jou totaal afskrik nie. Daar is ook sogenœmde *canopy tours* wat miskien nie heeltemal vir die spœdvrate ontwerp is nie. Hier "reis" jy van een boomtop na 'n volgende boomtop en ervaar sodœnde 'n woud van bo. Kyk na die volgende video om hierdie tipe reis mee te maak:
https://www.youtube.com/watch?v=XVttp1MBdTU

Die zirtslyn by Mosselbaai, waarvan die hooffoto 'n gedeelte uitbeeld, is die langste een oor 'n gedeelte van die see in die wêreld. Daarmee saam is die zirtslyn by Caledon in die Wes-Kaap, met sy 3,2 km lengte, die langste in die wêreld!

Jy mag vra: Hœkom sou mens so iets wil dœn? Voorheen sou mense ook kon vra hœkom jy Everest wil uitklim? Of meer onlangs: Hœkom wil jy Maan tœ reis? Of in die tœkoms: Hœkom wil jy op Mars gaan bly?

Besef egter: As jy wonder, gaan wel saam, al is dit net om 'n tœskouer te wees – daar gaan altyd geleentheid wees vir treffer-foto's.

Suid-Afrika het 'n verskeidenheid zirtslyne. Ons nœm 'n paar wat jy sou kon oorweeg.

- ✓ Elgin-vallei, Overberg
- ✓ Sun City, Noordwes
- ✓ Mosselbaai, Tuinrœte
- ✓ Tsitsikamma Nasionale Park, Tuinrœte
- ✓ Addo, Oos-Kaap
- ✓ Middellande, KwaZulu-Natal
- ✓ Hazyview, Mpumalanga
- ✓ Magœbaskloof, Limpopo
- ✓ Hartbeespoort, Gauteng
- ✓ Ballito, KwaZulu-Natal

Die klem val steeds op die bewus wees van zirtslyne naby jou, die waarde wat dit vir jou as tœskouer kan hê, en die treffer-foto's wat jy dalk kan kry. Besef ook dat as jy die mœd het om jou in die zirts-ruimte te waag, jy nie jou duurste kamera mœt saamvat nie!

BRON: https://www.dirtyboots.co.za/the-best/ziplines-in-south-africa

WAT IS 'N FRESNEL-LENS?

Vuurtoring en lens by Kaap Agulhas, Wes-Kaap

Suid-Afrika, met sy lang kuslyn, het 'n verskeidenheid vuurtorings om skepe te waarsku teen rotse en ander gevare aan die kus.

Maar hœ werk 'n vuurtoring? 'n Vuurtoring projekteer met 'n roterende lig oor 'n groot gebied snags lig om skepe te waarsku, byvoorbeeld soos die vuurtoring by Kaap Agulhas. Die foto's wys hœ die gebou en vuurtoring, en die lens lyk. Let op dat die lens nie mooi glad lyk soos 'n outydse brandglas nie. Dit lyk eerder asof dit opgekerf is! Terloops, gaan kyk ook na jou motor se remligte, of 'n straatrobot se grœn, geel en rooi ligte, dit lyk ook of dit opgekerf is!

Besef dat glas swaar en duur is. Hœ groter die lens, hœ bonkiger word dit – en al hœ meer onhanteerbaar.

Augustine-Jean Fresnel (1788-1827) was 'n Franse fisikus wat navorsing gedœn het op die gebied van die optika van lig. Sy navorsing het daartœ gelei dat lense ontwerp is waarvan gedeeltes weggesny is op so 'n manier dat die glas minder is maar dat die optiese eienskappe steeds behoue bly. Sulke lense, genœm Fresnel-lense, word tans wêreldwyd gebruik. Die lens by die Agulhas-vuurtoring staan byvoorbeeld bekend as 'n eerste orde Fresnel-lens.

https://en.wikipedia.org/wiki/Cape_Agulhas_Lighthouse

IKOON-FOTO'S



Die blou albaster (1972)

Die eerste maan-ruimtereis is teen die laat 1960s onderneem. Gedurende Desember 1972 is 'n maansending in die verdere reeks van maanreise onderneem. Die foto, geneem tydens hierdie reis, het uitsonderlike beroemdheid verkry. Lees meer oor die foto by die volgende Wikipedia-inskrywing:

> ***The Blue Marble*** *is a photograph of Earth taken on December 7, 1972, by either Ron Evans or Harrison Schmitt aboard the Apollo 17 spacecraft on its way to the Moon. Viewed from around 29,400 km (18,300 mi) from Earth's surface, a cropped and rotated version has become one of the most reproduced images in history.*
>
> ...
>
> *The photograph, taken on December 7, 1972, is one of the most widely distributed photographic images in existence. The astronauts had the Earth's South Pole facing upwards and the Sun above them (in spatial navigation terms, to their zenith) when they took the image. To the astronauts, the Earth had the appearance and size of a glass marble.*

Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/The_Blue_Marble

OP INTERNET GESIEN

Gebruik lyne en lig tot jou voordeel. Hierdie foto is in 1954 geneem deur die Chinese fotograaf, Fan Ho (1931–2016). Ons het "Approaching Shadow" raakgeloop op Facebook (Photography icons). Dink jy ook hierdie foto het meer tref-krag omdat dit monochroom is, as wat dit sou wees as dit in kleur was?

OP INTERNET GESIEN

Mœnie verby ongewone kleure en tekstu-re loop nie. Jy mis dalk net 'n mooi foto-geleentheid. Hierdie foto is geneem deur Péter Bóta soos gesien op die Facebook-groep Minimalist Photography.



FOTO-*idees*

Idee 1: Neem agterbeligte foto's van blomme, om die blomme te laat uitstaan en die res donker te laat vertoon.

Towerlantern Fotografie
- desember 2024 -

FOTO-idees

Idee 2: Neem teen sonsondergang, binnenshuis en slegs met weerkaatste sonlig as beligting, mooi stillewe foto's.

Towerlantern Fotografie
- desember 2024 -

FOTO-*idees*

Idee 3: Stap deur tuine en neem blomfoto's met sagte fokussering vir stemming – soos hierdie akelei (Engels: *columbine*)



Towerlantern Fotografie
- desember 2024 -

FOTO-*idees*

Idee 4: Skep gevoelvolle foto's met 'n skerp voorgrond en onskerp agtergrond.
Skep sodoende 'n idilliese "êrens".



FOTO-idees

Idee 5: Sonlig-deurligte blare in ‘’n tuin kan dramatiese tonele skep. Probeer dit en stuur jou bestes vir ons.



Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-lewe met almal te deel. Hiermee word jy uitgenooi om foto's vir ons te stuur.

Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB elk. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik toestemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

MINI-GALERY VAN MIA PITOUT, POTCHEFSTROOM

Die afgelope maande by Towerlantern Fotografie was 'n regte openbaring vir my. Ek het so baie geleer en het elke opdrag baie geniet maar veral die redigering van die foto's. Van stilering van kosfotografie tot 'n besonderse sonsopkoms. Die bevredigendste aspek vir my was wanneer die eindproduk anders of beter gelyk het, as wat ek verwag het. Ek kyk nou anders na alledaagse items, natuurtonele, mense, diere, lig, skadu, tekstuur en kleur.

Ek het geleer hoe belangrik dit is om 'n gevoel te skep met 'n foto om sodoende die kyker in te trek. Ek dink die mooiste foto's is daardie wat iets vasvang van die fotograaf sowel as die onderwerp ... amper soos 'n fotograaf se vingerafdruk op sy of haar werk. Ek verkies foto's met 'n rustige atmosfeer sonder baie agtergrond-geraas. Soos die Impressionistiese skilders hou ek van die gebruik van kleur en lig om 'n oomblik in tyd vas te vang.

Towerlantern Fotografie
- desember 2024 -

Die spookfoto was vol onverwagse simbole,
waaronder die kopbeen en dooie gesig graffiti.

Mia Pitout

Mini-galery

Ek hou van die diepte wat verkry is in die foto, asook die verskillende teksture.

Mia Pitout

Mini-galery

Net buite Potchefstroom het ek tœvallig op hierdie plaastoneel met 'n sonsopkoms, afgekom.

Mia Pitout

Mini-galery

Zœmsarsie-effek gee beweging en laat 'n gewone roos abstrak vertoon.

Mia Pitout

Mini-galery

Laatmiddag het ek hierdie foto afgeneem wat lyk asof die son deur die wolk brand.

Mia Pitout

Mini-galery

Die kleure en beweging in die foto laat my dink aan 'n abstrakte skildery.

Mia Pitout

Mini-galery

ons hoor graag van ons *lesers*

Krause van der Walt, Potchefstroom:
Dankie vir jou nuusbriewe – ek geniet dit en vind dit baie waardevol.
Ek was onlangs in die bos en stuur twee foto's – net om te wys ek is nog aan die gang.

Sien jou

We mean business

VERWYSINGS EN BRONNE

Gaan op reis met Towerlantern na zirtslyne in Suid-Afrika

- ✓ https://www.bing.com/videos/search?q=mossel+bay+zipline&FORM=HDRSC4
- ✓ Canopy tours: https://www.dirtyboots.co.za/the-best/ziplines-in-south-africa
- ✓ Caledon: https://www.youtube.com/watch?v=Jutf-87MXLsE

Fresnel-lense

- ✓ https://af.wikipedia.org/wiki/Vuurtorings_van_Suid-Afrika
- ✓ https://lh3.googleusercontent.com/p/AF-1QipPkRjvoV7vbs_xLW8EShLmhBrzzy6g-nDh-QxoHO=s680-w680-h510